George – Junie 1937.

# Die Kind in ons Volksverlede.

191.T.5.(6)

I <u>Inl.</u>: – Huidige beweging – Ook kinders moet deelneem – Kinders is deel van ons volk, en hulle belange moet deur hulself gedien word – Inspirasie van die kind van verlede – Net hoofpunte.

II <u>Vryburgerkinders</u>: Wie was die eerste kinders van ons volk? – Wet van reg. in daardie tyd. – Kaap onaanloklik word: wilde diere, inboorlinge, buitel. vyande, gevaar van hongersnood – Was die reg. onbillik teenoor kinders? – Reg. bereik sy doel – Konklusie.

III <u>Tyd van Geleidelike Uitbreiding</u>: Silwer streep van besk. in 2 rigtings – Veeposte of „legplase" – Taak van jong seuns van 10 en 12 jaar – Tuis met geweer en op die perd – Onderwys deur moeder – Inspirasie vir ons: kinders tog ontwikkel en gebruik geleenthede, dus nie ongeletterd en met gesonde godsd. opvattings – Konklusie: dikwels jong seuns op voorpunt van die silwer streep.

IV. <u>Die Groot Trek</u>: Baie reeds hieroor geskryf, maar niks min oor kind – Baie kinders saam op Trek wat <u>alles</u> met hul ouers saam deurgemaak het – Pligte van seuns en dogters in alg. – Net soos vader en moeder het elke seun en dogter sy en haar werk – Voorbeelde van kinders: <u>Andries Potgieter</u> (5 jaar); <u>Pieta Trigardt</u> (15 jaar); <u>Aletta Rudolph</u> (17 jaar); Dirkie Uys (15 jaar), die bekendste van die Voortrekkerseuns, 'n roerende tragedie maar tog vlekklose heldemoed wat inspireer; kinders van <u>Bloukrans</u> en <u>Boesmansrivier</u>, op een dag (17 Feb. 1838) 200 vermoor. Kinders bring dus ook hul offers.

V Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902: Ernstigste
stryd v. Boerevolk. – Vandag baie in
koerante en boeke hieroor – Talle van
seuns van 14 en 15 jaar op kommando –
Moedige optrede – Heldekinders van
heldevoorouers – Kinders in konsentrasie-
kampe – Grootste tragedie – Monument
te Bloemfontein – Gedenknaald as
waarskuwende vinger, veral vir kinders.

VI Boodskap van die Verlede: Nie slegs
luister en weet nie, maar boodskap
verstaan en toepas. – Boodskap self –
Staan getrou aan sy v. vader en
moeder – Bring ook offers net soos kinders
van verlede. – Mag sê ons leef onder
ander omstandighede, hoe kan ons stry? –
Waar, nie meer wilddiere, inboorlinge ens
nie, maar baie ander dinge word van
julle geëis – Taal: seun en dogter
wat dit suiwer hou en orals praat
is Anikie Kys en Aletta Rudolph
van vandag – Julle verenigings, daar
word volk opgebou, daar is Pielâs
Trigardt van vandag! Gebruik julle
geleenthede vir onderwys, verstandelike
ontwikkeling vernaamste wapen.
Resumé van boodskap – Doen dit en
dan sal julle wees soos klein Andries
Potgieter. – Eng. vriendjies sal ook
meer van julle dink. – Mooi woorde
in ons volkslied – Sing dit nie
slegs nie, maar doen dit ook, dan
gehoor gee aan die stemme van
die kinders uit ons volksverlede.

Die Kind in ons Volksverlede. 

I Inl.: Toestand vandag i.v.m. met nas. en kulturele aangeleenthede in ons land. Ons hoor om ons heen baie daarvoor praat, en baie word daaroor geskryf. Wat is die doel van dit alles? — Kortom dat ons moet besef dat ons Afrikaners 'n volk met 'n eie vaderland is, dat ons moet sorg vir die gesonde voortbestaan van ons volk, en dat ons in alles wat ons sê en doen ons vaderland eer moet aandoen, en sy belange moet bevorder.
Ongelukkig baie skoolkinders wat vandag dink dat dit slegs die werk van ons mense en die grootmense in die algemeen is. Heeltemal 'n verkeerde idee; ons moet goed begryp dat dit net soveel ons taak as skoolkinders is, as wat dit die grootmense se taak is. Ons sê die doel van die huidige beweging is om die belange van ons volk te dien. Ons volk bestaan nie slegs uit grootmense nie, maar veral ook uit sy kinders. Dit beteken dat veral ook die belange van die kinders van ons volk gedien moet word, en hoe kan dit beter gedoen word dan deur die kinders self? Dit is dan die eerste punt wat ek wil hê julle moet almal goed besef en onthou, nl. dat elke kind op sy kinderlike en eenvoudige manier kan meehelp om sy volk te dien. Ek wil verder gaan en sê dat dit selfs die plig van elke kind is. Soms is dit 'n maklike plig, soms 'n moeilike. In elk geval is dit 'n heerlike en 'n verhewe plig. Dit sal vir ons almal 'n inspirasie wees om te gaan

hoedat die kind in die verlede van ons volk hierdie plig op hom geneem het.

II <u>Die Vryburgerkinders</u>: Laat ons kortliks stilstaan by die eerste kinders van ons volk. Wie was hulle? In 1652 kom Jan v. Riebeeck aan om die volksplanting hier te stig. Saam met hom was daar ander beamptes aan Kaap maar hulle kinders kan nie kinders van S.-Afr. genoem word nie, want hulle bly maar tydelik saam met hulle ouers hier. In 1657 word die vryburgers toegelaat: hulle vestig hulle hier en bly permanent. S.-Afr. is vir hulle 'n nuwe vaderland. Hulle kinders is die eerste kinders van S.-Afr.

En dit bring ons tot die eintlike punt: weet julle dat dit destyds 'n wet van die regering was dat die kinders van vryburgers minstens 20 jaar aaneen aan die Kaap moes bly? Ons moet daarvan dink dat S.-Afr. in daardie tyd nie 'n baie aanloklike oord was nie: dit was vol gevare en het baie beproewings vir die destydse blankes meegebring. Wildediere: V.R. het self eenkeer geskryf dat dit baie gevaarlik is om alleen, en ongewapend selfs klein endjies weg van die fort te gaan loop. Gevaarlike en listige inboorlinge: die ou Kaapse dokumente gee ons talryke berigte hoedat die ou boere hulle steeds teen Hottentotte en Boesmans moes beskerm. Daar was ook gevaar dat Kaap deur buitelandse moondhede ingeneem kon word, want Holland was herhaaldelik in oorlog met Eng. en Fr. En eindelik: hongersnood het soms aan die Kaap gedreig omdat die uitvoere eers met hulle

boerdery goed op die been moes kom voordat hulle die vernaamste voedingsmiddele soos vleis en brood kon voortbring. In sy wet moes die eerste kinders van Suid-Afrika vir minstens 20 jaar bly en mog hulle die land nie verlaat nie. Watter moeilikhede daar ook al mog kom, hulle was kinders van S.-Afr! en hulle moes met hulle ouers die moeilikhede trotseer en hier bly. Hulle het waarlik 'n moeilike lot gehad en niemand sal hulle dit beny nie. Dit lyk werklik of die regering onbillik teenoor die kinders gehandel het. Waarom was sy wet dan nodig? Die regering het dit nodig geag omdat hy 'n vaste blywende blanke bevolking aan die Kaap verlang het. As die kinders aan die land gebonde was dan sou die ouers ook hier bly. En as die kinders groot geword het dan sou hulle goeie Afrikaners wees, want hulle sou slegs S.-Afr. as hulle vaderland ken. Hulle sou dan ook nie verkies om uit die land weg te gaan nie. En dit is wat ook werklik gebeur het. Deur al die moeilikhede en ontberings heen, wat die vryburgerkinders saam met hulle ouers moes verduur, het hulle Afrikaners geword.

Konklusie: Julle sien dus onder watter moeilike omstandighede die plig aan die eerste kinders van ons land opgelê is dat hulle Afrikaners moet wees. Maar julle sien ook dat hulle getrou

was en het hulle 'n belangrike rol in die geskiedenis van ons volk gespeel het. Toe hulle groot was kan hulle waardige grondleggers van 'n volk wees.

III <u>In die Tyd van Geleidelike Uitbreiding:</u>

Dit is natuurlik onmoontlik om die hele loop van ons geskiedenis intensief na te gaan en presies vas te stel wat die kinders alles tot stand gebring het, maar wat ons wel nou kan doen is om vlugtig na 'n paar groot tydperke en gebeurtenisse in ons geskiedenis te kyk en na te gaan wat die kind van die verlede in verband daarmee gedoen het. Daaruit sal 'n mens 'n indruk kan kry ~~van~~ die rol wat hy in ons verlede gespeel het. Nadat daar vryburgers aan die Kaap toegelaat was het di volksplanting geleidelik begin uitbrei. So was daar veral twee rigtings van uitbreiding, nl. na die noorde en na die ooste ook in verband met hierdie uitbreiding het die kind van ons volk 'n baie belangrike rol gespeel. Dit was die gewoonte van die destydse boere om met hulle vee steeds verder in noordelike en oostelike rigting te trek — agter beter weiveld aan want in die gevestigde dele het deur die vermeerdering van die vee die weiveld te min geword. Om hierdie rede het hulle daar veeposte of "legplase" aangelê, soms 'n hele paar dagreise van hulle woonplase af, waar groot troppe skape en beeste gehou is.

Soos bekend is, was betroubare

Siening strek van kaptein in die noorde nie van [illegible].

werkkragte in dié tyd baie skaars
en dus het dit dikwels die taak
van die jong seuns geword om
na die veeposte te gaan. Soms was
sulke seuns nog maar baie
jonk – selfs tien en twaalf
jaar oud. Jonk soos hulle was,
was hulle tuis op die perd en
net so tuis met die lomp
ou voorlaaier gewere. Hier op die
veeposte het hulle die vee
opgepas en manmoedig teen die
verwoesting van wildediere en
rowery van barbaarse bendes. Weke-
lank en soms maandelank
het hulle hul ouers nie gesien
of selfs nie van hulle
gehoor nie, maar in stilte het
hulle hul werk gedoen en
so gehelp om ons land vir
die beskawing te wen.
Onder sulke omstandighede het
hulle natuurlik nie veel
onderwys ontvang nie, want skole
soos ons dit ken, was daar
vir hulle nie. Die onderwys wat
hulle gekry het, het slegs bestaan
uit lees en skrywe en godsdiens-
onderwys. Die onderwyseres was
die moeder. Soms by die brandende
liggie van 'n tuisgemaakte
waskers het sy die kinders in
die eenvoudige hartbeeshuise
geleer om letters te maak en
eenvoudige woorde en sinnetjies
te skryf. Leesboeke soos ons dit
ken was daar ook nie, maar
die Bybel was die leesboek! So was
die leesles ook tegelykertyd
'n godsdienstige les.
Maar wat nou van belang
is, en wat vir ons as 'n voorbeeld

kan dien, is dat die kinders ontsaglik was en van die geringe geleenthede goeie gebruik gemaak het. Daarom kan tot lof van die kinders van die ou voorouers gesê word dat hulle ten spyte van die moeilike omstandighede waaronder hulle geleef het, nie ongeletterd was nie en gesonde godsdienstige opvattings gehad het.

Konklusie: Waar daar gewoonlik gesê word dat die ou Voorouers op die voorpunte van die beskawing in Suid-Afrika gestaan het, kan ons dit beter stel deur te sê dat dit in baie gevalle die jong seuns was wat op die voorpunte gestaan het. In baie gevalle is hulle die voorpunt van daardie silwerstreep wat so stadig maar seker die donker gewestes ingedring het. En hulle was ook waardige draers van die beskawing, want van die skrale geleenthede wat hulle vir onderwys gehad het, het hulle goeie gebruik gemaak.

IV Die Groot-Trek: Nadat die tydperk van uitbreiding voorlopig verby was en die uitbreiding tot stilstand gekom het, vind een van die grootste gebeurtenisse in ons geskiedenis plaas, nl. die Groot-Trek. Oor die Groot-Trek is daar reeds baie geskryf en ons ken die vernaamste feite in verband daarmee. Maar oor die rol en posisie van die kind daarin is daar nog maar baie min gesê.

Ons moet onthou dat toe die Trek begin het daar baie kinders saam met hulle

ons die weg na onafhanklikheid
gebaan het. Al die ontbering, al die
arbeid en die smart, kortom, al
die lief en die leed wat hierdie
groot beweging met hom
meegebring het, het die kinders
met hulle ouers saam deurgemaak.
Die vernaamste werk van die seuns
het wees by die vee gelê. Die Voortrekkers
het groot troppe vee met hulle
saamgeneem, en die seuns moes
steeds toesien dat die vee behoorlik
opgepas, beskerm en versorg word.
Die dogters vind ons weer aan
die sy van die moeder; in alles moet
hulle moeder bystaan. Wanneer
daar gerus word, help hulle met
die kos en die wasgoed; wanneer
voortgetrek word help hulle moeder
om 'n klein boetie of sussie
in die skokkende wa te verpleeg.
Net soos vader en moeder het
elke seun en elke dogter sy
en haar werk; almal steek
die hande uit, almal help om
'n nasie op te bou.
Laat ons net kortliks op 'n paar
bekende Voortrekkerkinders let,
dan sal ons hulle beter leer ken.
Klein Andries Potgieter was vyf
jaar toe die Trek begin het. – Dikwels
ry hy te perd langs die waens
of voor die waens uit. Maar hy is nog
maar so klein en onbeholpe
dat hy dikwels in die pad van
die osse geloop het. Skielik klap
die drywer met die sweep – die
perd skrik en dan tuimel
hy af. Dit het menigmale gebeur.
En dan soos hy self later vertel
het: „om 'n einde te maak aan
die afvallery het my vader my
beentjies aan die saal vasgebind".

<u>Pieta Trigardt</u>: lieflingseun van Louis Trigardt, leier van eerste geselskap Trekkers. Toe sy vader die Kolonie in 1834 verlaat het, was hy nog maar 15 jaar oud. 'n Mens staan verbaas oor alles wat hierdie seun op die Trek verrig het. Alleen doen hy lang verkenningstogte in die Soutpansberge en in Natal. Ingevalle sit hy in pikdonkernagte tussen vyandige en wrede Kafferstamme hoog tussen die ondeurwerkbare Drakensberge en waghou by sy vader se vee. En dit was ook nie 'n betekenislose waghouery nie, want sodra hy vreemde geluide en dowwe voetstappe by die vee gewaar, brand hy los met sy voorlaaier. Wat meer is hy bly op sy pos tot die dagbreek kom.

<u>Aletta Rudolph</u>: 'n Dogter van 17 jaar. Sy vertel hoedat sy en ~~[illegible]~~ verskeie ander meisies by die afloop van die Drakensberge gehelp het om die vee aan te dryf omdat daar nie genoeg mans was nie. Dit was soms baie moeilike werk omdat, soos sy self later geskryf het "'n mens voortdurend moes oppas om nie self van 'n krans of hoogte af te stort nie."

<u>Dirkie Uys</u>: Die beroemdste van die <u>Voortrekkerseuns</u>. Hy was 15 jaar oud toe hy sy vader [illegible] op die kommando teen die Soelóes vergesel het. Sy vader is deur Dingaan se magte in 'n hinderlaag gelok en van alle kante omsingel. In 'n poging om 'n pad deur die vyand te skiet, raak sy vader swaar gewond en terwyl feitlik sterwende die bevel aan sy manne uit om so gou as moontlik deur die vyand heen te vlug. Verskeie van die manne het daarin geslaag, en Dirkie Uys was ook alreeds (so te sê) in

veiligheid lôe by omkyk en 'n
Soeloe met opgehewe asgaai voor
sy vader sien staan. Blitssnel
het hy hom omgekeer, doodgevaag en deur die brullende
swartes heen oor 'n weg na sy
vader gebaan. Hy skiet drie van
hulle neer, en eindelik met-
sy lyf byna deurboor van
asgaaie wil hy nog sy geliefde
vader in die oomblik van die
dood bystaan. Maar voor een van
die Voortrekkers laat self vertel
het: "Het getal vijanden is te groot;
en weldra vallen vader en zoon
door ontelbare assegaaisteken
verwond, ter aarde, en geven in
elkanders armen de geest." Hier
het ons werklik 'n hartroerende
tragedie 'n treurspel uit ons
verlede. Maar dit is sulke
treurspele wat vir ons vandag
as inspirasie dien, want bo die
wrede nur van pyn en smart
styg die skone, vlekkelose heldemoed
uit wat ons steeds kan bemoedig
en aanspoor en aanvuur.
Hierdie behandeling van die kinders
van die Voortrek kan ons afsluit
met ook in stille eerbied stil
te staan by die kinders van
Blaukrans, en Boesmansrivier.
nadat Retief en sy manne deur
Dingaan vermoor was, het die
Soeloes soos besetenes losgebars
op die verspreide laers wat
tussen Blaukrans en Boesmansrivier
gestaan het. Gedurende een nag
en die volgende dag (17 Feb. 1838)
is daar nie minder as 200
onskuldige kindertjies word vermoor nie.
Wat 'n treffende bewys dat ook
die kinders van ons volk hulle
offers op die altaar van ons

volk gelê het.
Dit alles is al genoeg om ons treffend te bewys wat die kind in ons volksverlede gedoen en beteken het. Laat ons nog net kortliks vandag wys aan 'n ander groot gebeurtenis in die verlede van ons volk.

V <u>Die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902:</u>

Hier het ons die grootste en die ernstigste stryd waarin die Boerevolk van Suid-Afrika volledig betrokke was. Wat vir opmerklik is, is dat die kind van ons volk in verband hiermee voor sy sy deel gedoen het.

Daar word vandag weer baie oor die gebeurtenisse van die oorlog geskryf. Daar verskyn boeke waarin die ervarings van deelnemers aan die oorlog vertel word. En ook kry ons in ons Afrikaanse koerante artikels waarin sulke ondervindings vertel word. Wat my hierin baie sterk getref het is dat daar so baie jong seuns was wat ook die wapens opgeneem het. In die Boerekommando's kry ons seuns van 14 en 15 jaar, wat hardnekkig geweier het om tuis te bly as vader of ouer broers onder wapen gegaan het. En in die oorlog is die optrede van sulke bloedjong seuns 'n inspirasie vir menige grootman gewees. Daar is werklik iets groots in hierdie seuns gewees — hulle het duidelik getoon dat die bloed van hulle voorvaders nog suiwer in hulle are gevloei het! — waardige helde-kinders van helde-voorvaders.

Maar verder was daar ook die

duisende jong kindertjies wat al die ellende van die oorlog saam met hulle moeders in die konsentrasiekampe moes deurmaak. Geknoei deur honger en dors, geteister deur siektes in die dun en trekkerige tente op die oop vlaktes, het honderde van hierdie vroeër gesonde seuns en dogters stadigaan uitgeteer om eindelik die doodsvallei en verlossing tegemoet te gaan. Dus het gepraat van tragedies in die velde van ons volk — hier het ons die allergrootste tragedie, maar gelukkig ook hier die opoffering en heldemoed wat vir ons 'n inspirasie is. Op Bloemfontein staan die vrouemonument, 'n offerhulde aan 26,000 moeders en kinders wat in die konsentrasiekampe hulle lewens vir hul volk gegee het. Mag daardie gedenkwaardig waar by so indrukwekkend ten hemel wys, vir ons altyd 'n waarskuwende vinger wees, om vir ons almal, maar veral vir julle kinders, steeds te herinner om getrou te wees aan die ideale waarvoor ons moeders en ons klein kindertjies hulle lewens gegee het.

VI Die Boodskap van die Verlede: maar ~~dit is nie genoeg dat ons slegs na~~ dit alles luister nie; dit is nog nie genoeg dat julle dit alles weet nie. Julle moet die boodskap verstaan wat die kinders van die verlede aan julle gee. En wat meer is julle moet die boodskap nie slegs ontvang nie; julle moet dit ook toepas. Wat is die boodskap? – Dit is kort en kragtig: Sorg dat julle regte

Afrikaners is, en wees dit teen alle tye. Wees trots dat julle Afrikaners is, en moenie huiwer wanneer julle in die diens van julle volk iets kan doen nie. Staan getrou aan die kant van vader en moeder, wanneer hulle in die belang van ons volk werk. Dit is per slot van rekening wat die kinders in ons verlede gedoen het; volg hulle voorbeeld na en wees ook net soos hulle bereid om julle opofferings te getroos wanneer omstandighede dit eis. Baie van julle mag nou sê: maar ons leef onder ander omstandighede as die kinders van die verlede; hulle het die geleentheid gehad om te stry en te ly vir ons volk, maar ons het dit nie. Moet nooit so praat nie — want die stryd van die kind van Suid-Afrika is nog lank nie verby nie. Dit is waar, daar is nie meer wildediere, wrede barbaarse inboorlinge en oorloë wat moed en opoffering van julle eis nie, dit is nie meer teen sulke dinge wat julle moet stry om Afrikaners te wees nie. Maar daar is baie ander dinge wat durf en daad van julle eis, baie ander dinge wat van julle geëis word om goeie Afrikaners te wees. Ek noem net 'n paar. Daar is bv. julle taal — hou dit suiwer en praat dit in alle openbare plekke. Die seun en die dogter wat sy en haar taal eer en dit op straat, in die winkels, in die poskantoor en op die stasie trots suiwer praat en daarvoor uitkom — daardie seun is die Dirkie Uys van die huidige dag

en die dogter die Aletta Rudolph. Ondersteun ook julle Afrikaanse verenigings, debatsverenigings, kultuurverenigings, jongeliedeverenigings of voortrekkers, of wat dit ook al mag wees. Doen heelhartig daaraan mee, want dan werk julle vir ons volk en julle sal later ook bouers van 'n volk genoem word. Diegene wat dit doen sal die Pieter Trigardt van die moderne tyd genoem word.
Verder: maak ook volle gebruik van die geleenthede wat julle bied in die skool kry. Julle het mooi ruime skoolgeboue en julle het simpatieke bekwame onderwysers. Hulle sorg vir julle verstandelike ontwikkeling maar maak gretig gebruik van elke geleentheid hiervoor, want S.-Afr. het ontwikkelde mense nodig. Die Afrikaner moet vandag goed gewapend wees vir die stryd van die lewe, en verstandelike ontwikkeling is juis sy vernaamste wapen. As 'n mens hierdie wapen nie in jou jeug kry nie, is in die meeste gevalle die kans verlore. Dan bestaan die gevaar dat jy, in watter werk of beroep jy ook al wil gaan, deur andere deur beter ontwikkeldes voorgespring word.
Laat my dan ten slotte net lôe ondertekes te beklemtoon: wees soos die kinders in ons volksverlede gewees opregte Afrikaners. Probeer op alle maniere om dit te wees: gebruik en eer julle taal, ondersteun julle verenigings en gebruik julle geleenthede! As julle dit doen sal julle wees soos klein Andries Potgieter, 5 jaar oud, hy sit op die

perd, hy is vas aan die saal, en hy
val nou nie meer af nie.
Buitendien dan sal julle Engelse
vriendjies en andere ook weer
respek vir julle hê, want 'n
mens dink altyd baie meer van
iemand wat eerlik en opreg
homself is, as iemand wat 'n
ander naäap. In ons pragtige
volkslied „Die Stem van Suid-Afrika" sing
ons so mooi van ons vaderland:—

„Ons sal antwoord op jou roepstem,
Ons sal offer wat jy vra
Ons sal lewe, ons sal sterwe
Ons vir jou Suid-Afrika".

Laat ons dit nie alleen sing nie, maar
laat ons dit ook doen — dan
sal ons werklik gehoor gee aan
die stemme uit ons volksverlede.

---